

Boekbesprekings/Book reviews



T.R.H. DAVENPORT. *South Africa: a modern history*. Derde uitgawe. Macmillan: Johannesburg, 1987. 692pp. Geïll. R34,95 (eksklusief). ISBN 0 333 38830 5.

Sedert die verskyning van Rodney Davenport (vroeër hoof van die Departement Geskiedenis aan Rhodes Universiteit) se *South Africa: a modern history* in 1977, het die werk homself as een van die gesaghebbendste in sy klas gevestig. Nie alleen word dit aan universiteite voorgeskryf nie, maar het reeds drie uitgawes beleef — iets wat die akademiese diepte van die werk beklemtoon.

Hierdie uitgawe is 'n grondige hersiening van feitlik elke hoofstuk sodat die boek se inhoud en benadering tans in belangrike opsigte van die 1977-uitgawe verskil. Veral deel 2 ('The consolidation of a white state') is bygewerk om binnelandse gebeure tot 1985 en buitelandse verwickelinge tot na die Nkomati-verdrag te dek. Nuut in die afdeling is ook die hoofstuk 'The economy and the people of South Africa' wat die rol van die ekonomie op die politieke en sosiale strukture skerper ontlee.

Die belangrike vraag oor die hersiene produk is of die skrywer na meer as 'n dekade sedert die verskyning van die eerste uitgawe die jongste interpretasies van die Suid-Afrikaanse geskiedenis sinvol verwerk het. Die vraag is veral relevant weens die heftige liberale-radikale debat in die Suid-Afrikaanse historiografie die laaste sowat twee dekades.

Die antwoord is 'n gekwalifiseerde 'ja'. Davenport het wel deeglik kennis geneem van die sg. revisioniste ('radikales') se standpunte — veral in hoofstukke 8, 10-12 en 19. Dit is egter opvallend dat hy relatief min verskuiwings in sy liberale benadering tot die geskiedenis aangebring het. Hy gebruik sekere opvattinge van die 'radikales' op 'n kundige wyse, maar giet dit in sy oorheersende liberale vorm. Die invloed van die revisioniste was ook nie sterk genoeg om aan die werk 'n groter sosiaal-ekonomiese inslag te gee nie — al het dit met die veranderinge wel aan diepte gewen, bly *South Africa: a modern history* in wese politieke geskiedskrywing.

Om in 'n massiewe werk soos dié 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die vroegste tye te gee, is 'n uiters moeilike taak. Davenport vind egter 'n uitmuntende balans tussen feitlike detail en vertolking en gee tussendeur ook rekenskap van die stand van die geskiedskrywing. Sy duidelike fokus op sentrale temas, die binding van hede en verlede en sy betrokkenheid by veral die meer kontemporêre gebeure gee aan die werk vitaliteit en die stempel van kwaliteit. Die werk is 'n uitstekende bydrae tot ons kennis van en insig in die Suid-Afrikaanse geskiedenis uit die pen van een van ons mees vooraanstaande historici.

H.J. VAN ASWEGEN
Randse Afrikaanse Universiteit